Dinsdag **14 Mei**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-24 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:24 (AFR2020)**

**Vir ons om aan God gehoorsaam te wees, moet die ou mens sterf en die nuwe mens opstaan**

Reeds in die Ou Testament kry gelowiges die opdrag: “Wees heilig, want Ek is heilig” (o.a. Lev. 11:44). Heiligheid is dus een van God se unieke eienskappe (vgl. Joh. 17:11). God, die Vader, is heilig (vgl. o.a. Op. 15:4). God, die Seun, is heilig (vgl. o.a. Hand. 3:14). En God, die Heilige Gees, is heilig (vgl. o.a. Ps. 51:11; Matt. 1:18). Omdat God heilig is, verwag Hy dan van sy kinders om heilig te wees, want Hy het ons tog goed en na sy ewebeeld geskep (Gen. 1:27).

Weens die sondeval word alle mense ná Adam egter in sonde ontvang en gebore. Weens ons gebrokenheid sou álmal van ons soos die mense geleef het wat in Efesiërs 4:18, 19 beskryf word (vgl. Gen. 6:5; 8:21). Maar deur die genade van Woordverkondiging het ons ons Verlosser, Jesus Christus, leer ken. Omdat God ryk is aan barmhartigheid en ons innig liefhet, onderrig Hy ons oor wie ons was, maar óók wie ons nou, deur die genade van Christus, geword het (vs 20, 21).

Deur sy Enigste Seun onderrig God ons in die énigste Waarheid (Joh. 14:6), naamlik dat ons die ou mens in ons moet aflê en met die nuwe mens beklee moet word (o.a. Matt. 4:17; Luk. 3; 15:10). Paulus praat hier van bekering! Daardie proses waar die Heilige Gees krágtig in my werk sodat ek wérklik berou oor my sonde het, dit haat en daarvan wil wegvlug. Maar óók ’n vreugde in die Here ervaar en ’n ywerige lus om opnúút aan God gehoorsaam te wees.

Wanneer ons, biddend, só leef, dan leef ons in ooreenstemming met die manier waarop God ons geskep het: in ware geregtigheid en heiligheid.

*Sing: Psalm 33-1:5, 11*

*Ds. LD (Daniël) Myburgh (Venterstad)*